

TENDERVOORWAARDES

GRAAN SUID-AFRIKA

Blok C Alenti Park, 457 Witherite Road, The Willows, Pretoria
(hierna genoem die "Verhuurder")

sal per tender te huur aanbied
sekere vaste eiendom beter bekend as

Plaas	Weiding / Lande	Hektaar	Dui aan op welke eiendom u tender
Verskeie kampe met weiding - geen water	Weiding	101,37	
Plaas Doornpan Zuid Nr 858 (resterende gedeelte), distrik Bothaville (bekend as "Oorlog")	Lande	113,36	
Marthaville Nr 911, Resterende gedeelte, distrik Bothaville, Plaas Rietfontein Hart 512, Onderverdeling 6 gedeelte 2, distrik Bothaville Plaas Rietfontein Hart Nr 512, Resterende gedeelte 2, distrik Bothaville (gesamentlik bekend as "Marthaville")	Lande	241,00	
Eden Nr 327, Onderverdeling 3, distrik Bothaville	Lande	165,51	

(hierinlater genoem die "eiendom")

vir 'n termyn van drie jaar vanaf 1 Oktober 2014, as volg:

- Jaar 1 - 1 Oktober 2014 - 31 Augustus 2015 (11 maande)
- Jaar 2 - 1 September 2015 - 31 Augustus 2016 (12 maande)
- Jaar 3 - 1 September 2016 - 31 Augustus 2017 (12 maande)

- 1.1 Die Verhuurder is nie verplig om die hoogste of enige tender te aanvaar nie.
- 1.2 Voorkeur kan gegee word aan tenderaars wie reeds opbetaalde lede van Graan SA is en hul bedryfsheffing van R2/ton aan Graan SA oorbetaal.
- 1.3 Dit staan enige persoon vry om te tender, maar indien die tenderaar met die sluiting van die tenderproses op 15 November 2013 om 12:00 nie opbetaal is m.b.t. ledegelde en die bedryfsheffing soos deur die Graan SA Kongres bepaal nie en die tender word aanvaar, dan en in daardie geval sal die tenderaar verplig wees om:
- vir die volle duur van die huurtermyn as lid aan te sluit; en
 - moet die bedryfsheffing ooreenkomstig die bepalings van die Graan SA Grondwet en Kongres besluite, betaal word, voor 28 Februarie jaarliks.
- 1.4 (a) Indien daar aan enige van die bepalings van hierdie ooreenkoms nie voldoen word nie, sal die Verhuurder geregtig wees om, tot sy eie keuse, die ooreenkoms onmiddellik te kanselleer, in welke geval die Huurder verplig sal wees om enige skade wat die Verhuurder mag ly (indien daar 'n ander Huurder bekom word vir 'n verminderde bedrag) aan die Verhuurder te betaal as synde gekwantifiseerde skadevergoeding.
- (b) Bo en behalwe voormelde skade sal die Huurder verplig wees om die bedryfsheffing asook ledegelde, soos van tyd-tot-tyd bepaal deur Graan SA, tesame met sodanige ander skade wat gemeenregtelik van die Huurder gevorder kan word vir die termyn van die huurkontrak, ook as gekwantifiseerde skade te betaal.
- (c) Vir duidelikheidshalwe beteken die termyn van die huurkontrak, die volle drie jaar termyn soos van die aanvangsdatum af tot en met die uitloop van die ooreenkoms. Voormelde bedrae sal onmiddellik by kansellasië betaalbaar wees.
- (d) In die alternatief, indien die Verhuurder sou besluit om die voormelde ooreenkoms in stand te hou, sal die Verhuurder van die Huurder verhaal enige bedrae ten aansien van agterstallige huur en/of deposito's wat

betalbaar mag gewees het asook die bedryfsheffing en ledegelde, soos hierbo na verwys, tesame met sodanige ander skade wat gemeenregtelik van die Huurder gevorder kan word.

- (e) Indien die Verhuurder sy keuse sou uitoefen en die ooreenkoms kanselleer, sal die Huurder verantwoordelik gehou word vir betaling van alle uitgawes wat sal insluit prokureurskoste, advertensiekoste, asook koste vir die opstel van die tendervoorwaardes en die huurkontrak.

1.5 Tenders moet gerig word aan:

Die Bestuurder, Korporatiewe Dienste
Graan SA
Tel 086 004 7246
e-pos: nicov@grainsa.co.za
Aandag: Mnr Nico Vermaak

1.6 Tenders sluit op 15 November 2013 om 12:00

2

Hierdie dokument stel 'n aanbod om te huur deur die tenderaar en by aanvaarding deur die Verhuurder sal hierdie dokument in alle opsigte 'n behoorlike aanbod wees en sal die Huurder na bekragtiging daarvan die aangehegte huurooreenkoms onderteken.

3

3.1 Die verhuring geskied onderhewig aan die voorwaardes vervat in die titelakte van die eiendom en sodanige voorwaardes as wat uiteengesit mag word in die aangehegte huurooreenkoms. Die Verhuurder sal nie verantwoordelik wees vir enige tekorte, van welke aard ookal, indien die eiendom her-opgemeet word nie, en terselfdertyd sal die Verhuurder geen voordeel trek vanuit enige surplus indien enige bestaan nie.

- 3.2 Die Huurder erken hiermee dat hy die eiendom inspekteer het, dat hy tevrede is daarmee en dat hierdie eiendom voetstoots verhuur word in die toestand waarin dit is met die aanvaarding van die tender en geen waarborg van watter aard word gegee nie, en is die Verhuurder nie aanspreeklik vir enige gebreke daaraan nie, hetsy dit verborge is of nie.

4

Die partye stem toe tot die jurisdiksie van die Landdroshof vir enige aksie wat direk of indirek uit die bestaan of kansellasië van hierdie ooreenkoms voortspruit. Die Verhuurder behou egter sy reg om aksie in te stel in die Hoërhof en om koste te verhaal op 'n tarief vasgestel deur die Hoërhof indien hy dit so verkies.

5

Die partye kies die fisiese adresse wat in onderskeidelik die aanhef (die Verhuurder) en paragraaf 20 (die Huurder) van hierdie ooreenkoms aangedui word as hulle onderskeie *domicilium citandi et executandi citandi et executandi* wat die adres is waarheen alle kennisgewings of ander dokumente aangaande hierdie ooreenkoms gestuur mag word en waar alle prosesstukke beteken mag word.

6

- 6.1 Daar mag geen veranderings en/of verbeterings tot en met die beëindiging van die huurooreenkoms aan die eiendom aangebring word sonder die skriftelike toestemming van die Verhuurder nie.
- 6.2 Die Huurder onderneem hiermee om op sy eie koste die eiendom in dieselfde goeie orde en toestand van reparasie te hou as wat dit is by ondertekening hiervan en/of by datum van besit.

7

- 7.1 BTW (Belasting op Toegevoegde Waarde) sal by die verhuringsbedrag bygereken word.
- 7.2.1 Wanneer die tender amptelik aan die Verhuurder toegestaan word, sal die Huurder 10% deposito plus 14% BTW daarop van die totale huurgeld vir die eerste jaar aan die Verhuurder betaal by wyse van 'n bankgewaarborgde tjek of in kontant, soos deur die Verhuurder aanvaar word.
- 7.2.2 Behalwe vir die 10% deposito plus die 14% BTW daarop, sal die Huurder ook verplig wees om 'n bedrag van R1 500,00 plus BTW te betaal synde vir die opstel van die administratiewe dokumentasie wat insluit die tenderdokument asook die huurkontrak, welke betaalbaar sal wees by ondertekening van die huurkontrak en wanneer die tender deur die Verhuurder aanvaar is.
- 7.3 Betaling van die balans huurgeld sal geskied voor datum van okkupasie wat nie later sal wees as 1 Oktober 2014 nie en dan voor of op 1 Oktober van elke daaropvolgende jaar.
- 7.4 Die deposito (sien par. 7.2.1 hierbo) sal teen die eerste jaar se huurbedrag verreken word.
- 7.5 Indien die huurtransaksie om die een of ander rede nie realiseer nie a.g.v. die Huurder se versuim of nalate, sal die Huurder die 10% deposito, soos uiteengesit in klousule 7.2.1 hierbo, verbeur en sal dit as roukoop beskou word.
- 7.6 Die huur word aangebied op 'n driejaarlikse basis en die huurgeld sal jaarliks eskaleer met 5% (m.a.w. na die eerste jaar).

8

Besit van die eiendom word aan die Huurder gegee op 1 Oktober 2014, mits die Huurder alle verpligtinge nagekom het wat in terme hiervan gestel is, en die huidige Huurder reeds die lande ontruim het.

9

Die risiko verbonde aan die eiendom gaan oor op Huurder vanaf 1 Oktober 2014.

10

In geval die Huurder enige van die bepalings hiervan verbreek, sal die Verhuurder geregtig wees om, sonder benadeling van sy regte, ingevolge die Gemeenereg en/of sy reg tot 'n eis vir skadevergoeding, en sonder enige kennisgewing:

10.1 Hierdie ooreenkoms te kanselleer en in welke geval enige bedrae geld wat reeds deur die Huurder betaal is tot en met datum van sodanige kansellasie deur die Huurder verbeur word synde "roukoop" en gelikwideerde skadevergoeding, en wel sonder benadeling van regte van die Verhuurder om 'n eis in te stel vir enige verdere skade gely;

of

10.2 betaling van die volle verhuringsbedrag betaalbaar ingevolge hierdie ooreenkoms te eis tesame met totale volbrenging en uitvoering van alle bepalings en voorwaardes van hierdie ooreenkoms.

11

Die Huurder onderneem hiermee om, in die geval van enige verbreking van die bepalings en/of voorwaardes van hierdie ooreenkoms deur hom, alle koste van die Verhuurder bereken op 'n prokureur - en kliëntskaal, sowel as opsporingskoste en 'n kolleksiefooi van 10% (tien persent) te betaal.

12

Geen tegemoetkoming of uitstel deur die Verhuurder verleen aan die Huurder doen afbreuk aan die bepalings van hierdie ooreenkoms of maak inbreuk op die Verhuurder se regte nie.

13

Hierdie huur sluit nie enige los toebehore, soos gevind op die eiendom, in nie.

14

- 14.1 Onmiddellik na aanvaarding van die tender sal die Huurder hierdie dokument teken en indien die Huurder die huur waarneem namens 'n prinsipaal, sal hy verplig wees om by ondertekening hiervan die name en volle besonderhede van sodanige prinsipaal te openbaar sowel as om bewys te lewer van sy magtiging om te huur.
- 14.2 Die Verhuurder sal egter die ooreenkoms slegs onderteken by aanvaarding van die verhuring.

15

- 15.1 Indien hierdie ooreenkoms geteken word deur 'n persoon(e) wat optree namens 'n trust, 'n maatskappy of beslote korporasie gestig / te stig te word, sal sodanige persoon solidêr gesamentlik en afsonderlik met die trust, maatskappy of beslote korporasie aanspreeklik wees vir die behoorlike vervulling van hulle verpligtinge onder hierdie ooreenkoms.
- 15.2 Sou sodanige maatskappy of beslote Korporasie nie gestig word nie of sou sodanige trust, maatskappy of beslote Korporasie in gebreke bly om uitvoering te verleen aan die verpligtinge ingevolge hierdie ooreenkoms, sal die persoon(e)

wat hierdie ooreenkoms onderteken, geag word die Huurder(s) te wees en sodanig verantwoordelik wees vir die nakoming van alle bepalings en voorwaardes hierin vermeld.

15.3 Nieteenstaande die voormelde, sal die persoon(e) wat hierdie ooreenkoms onderteken in sy/hul persoonlike hoedanigheid aanspreeklik wees in terme van hierdie ooreenkoms indien:

- (a) Die ter stigte maatskappy en/of beslote korporasie nie ingelyf / geregistreer is voor die datum waarop die waarborge, indien enige, gelewer moet word soos hierin bepaal word;
- (b) Die ter stigte maatskappy en/of beslote korporasie versuim om hierdie ooreenkoms te rektifiseer;
- (c) Die maatskappy en/of beslote korporasie, nieteenstaande rektifikasie versuim om stiptelik te voldoen aan die bepalings en voorwaardes van hierdie ooreenkoms;
- (d) Indien meer as een Huurder partye tot hierdie ooreenkoms is, is die Huurders solidêr aanspreeklik vir behoorlike vervulling van hulle verpligtinge ingevolge hierdie ooreenkoms, en die partye doen hiermee afstand van hul regte onder die eksepsie *die duobus vel pluribus reis debendi*;
- (e) Indien dit blyk dat die volmag, in terme waarvan die Huurder hierdie ooreenkoms onderteken, vir welke rede ongeldig is, dan sal die ondertekenaar in sy persoonlike hoedanigheid aanspreeklik wees vir die nakoming van alle bepalings en voorwaardes hierin uiteengesit.

16

Hierdie ooreenkoms bevat die volle ooreenkoms tussen die partye en geen ooreenkoms strydig met die bepalings en voorwaardes hiervan sal bindend wees op die partye nie tensy dit op skrif gestel is en onderteken is deur al die partye.

17

- 17.1 Daar is tans aktiewe verblyfooreenkomste met sekere persone gesluit wat in die werkershuise op die eiendom woon en sal hierdie werkers geregtig wees om daar aan te bly tot verdere kennisgewing.
- 17.2 Sou enige ander persoon/persone okkupasie neem op die eiendom, sal sodanige okkupasie nie onderhewig wees aan enige geldige huur nie, en sal die Huurder, op eie koste, verantwoordelik wees vir uitsetting van sodanige okkupeerders.

18

Die Verhuurder sal nie verantwoordelik daarvoor wees om 'n sertifikaat van nakoming in terme van Registrasie Nr R2920 van 23 Oktober 1992 in terme van die Wet op Masjinerie en Beroepsveiligheid van 1983 (Wet nr. 6 van 1983) te verskaf nie en gee die Verhuurder geen waarborg dat hy daartoe in staat is om sodanige sertifikaat te lewer nie.

19

Die Verhuurder is nie verantwoordelik vir enige onjuiste beskrywing en/of inligting wat in advertensies en/of katalogusse verskaf word nie en geen waarborg van watter aard word gegee nie, en geen vergoeding sal opeisbaar wees weens enige fout wat begaan is nie en enige voornemende Huurder moet homself vergewis van die korrektheid al dan nie van enige sodanige beskrywing en/of inligting en/of enige verdere voorwaardes in verband met die verhuring.

TENDERAAR SE BESONDERHEDE

Plaas	Weiding / Lande	Hektaar	Aanbod R per hektaar (BTW uitgesluit)
Verskeie kampe met weiding - geen water	Weiding	101,37	
Plaas Doornpan Zuid Nr 858 (resterende gedeelte), distrik Bothaville (bekend as "Oorlog")	Lande	113,36	
Marthaville Nr 911, Resterende gedeelte, distrik Bothaville, Plaas Rietfontein Hart 512, Onderverdeling 6 gedeelte 2, distrik Bothaville Plaas Rietfontein Hart Nr 512, Resterende gedeelte 2, distrik Bothaville (gesamentlik bekend as "Marthaville")	Lande	241,00	
Eden Nr 327, Onderverdeling 3, distrik Bothaville	Lande	165,51	

Van:

Volle name:

Identiteitsnommer:

Huwelikstatus:

Volle name van eggenoot(e):

Telefoonnommers:

Faksnommer:

Fisiese adres:

Posadres:

E-pos:

GETEKEN te _____ op hierdie _____ dag van _____ 2013

AS GETUIES:

1. _____

2. _____

TENDERAAR

Ek / Ons _____
in my/ons hoedanigheid as Verhuurder(s) bevestig hiermee die huur op die
voorwaardes hierin uiteengesit.

GETEKEN te _____ op hierdie _____ dag van _____ 2013

AS GETUIES:

1. _____

2. _____

VERHUURDER